Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# TELEMATIESE ONDERRIGPROJEK

# 2015

# GRAAD 11 AFRIKAANS HUISTAAL

# VRAESTEL 1, Afd. C
# (Taalstrukture en –konvensies)

# BRONMATERIAAL

| Dag | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| Maandag | 26 Oktober | 15:00 – 16:00 | Vraestel 1: Afdeling C (Taalstrukture en –konvensies) |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## WAT MOET EK KEN?

**Woordeskatuitbreiding/-ontwikkeling en taalgebruik**

- Kontaminasie, toutologie, analogie, pleonasme
- Erfgoed (volksetimologie)
- Leengoed (leenwoorde)
- Eiegoed (nuutskepping / neologisme)
- Herkoms van woorde
- Anglisisme
- Betekenisleer en figuurlike taal: Sinonieme, antonieme, paronieme, polisemie, homonieme, homofone, doeblette, een woord vir 'n omskrywing, beeldspraak (vergelyking, metafoor, personifikasie), stylfigure (oksimoron, metonimia, klanknabootsing, hiperbool, kontras, ironie, satire, humor, sarkasme, antiklimaks, klimaks, simboliek, eufemisme, litotes, paradoks, sinekdogee, sinestesie, antitese, antonomasia, elisie, woordspeling) en idiomatiese uitdrukkings / idiome / spreekwoorde
- Woordvorming: Voorvoegsels, agtervoegsels. stamme / basisvorme, kern en bepaler, simplekse, komplekse, afleiding, samestelling, samestellende afleiding en klinkerwisseling
- Klankleer en spelling: Klanke (konsonante / vokale / diftonge / affrikate / klankverskynsels), spelpatrone, spelreëls, klankgrepe, lettergrepe, afkortings, verkortings en akronieme
- Skryftekens: Afkappingsteken, koppelteken, deelteken, kappie, klemtekens (akuut / gravis), hakie, parentese

| Sinstrukture | Tipes |
|---|---|
| **Lidwoorde** | • Bepaald<br>• Onbepaald |
| **Selfstandige naamwoorde** | • Soortname (meervoude / verkleining / geslag)<br>• Eiename<br>• Abstrakte selfstandige naamwoorde<br>• Versamelname<br>• Massaname<br>• Maatname<br>• Selfstandige naamwoorde wat afgelei word van ander woordsoorte<br>• Selfstandige naamwoorde in vrye en vaste verbindings |
| **Voornaamwoorde** | • Aanwysend<br>• Persoonlik<br>• Onpersoonlik<br>• Besitlik<br>• Betreklik<br>• Vraend<br>• Onbepaald<br>• Wederkerend<br>• Wederkerig |
| **Byvoeglike naamwoord** | • Attributiewe en predikatiewe byvoeglike naamwoord<br>• Verbuiging van die byvoeglike naamwoord<br>• Letterlike (denotatiewe) en figuurlike (konnotatiewe) gebruik van byvoeglike naamwoord<br>• Trappe van vergelyking<br>• Intensiewe vorme |

| | |
|---|---|
| | • Byvoeglike naamwoorde in vrye en vaste verbindings |
| **Telwoorde** | • Hooftelwoorde<br>• Rangtelwoorde |
| **Werkwoorde** | • Tyd: teenwoordige, toekomende en verlede tyd; historiese teenwoordige tyd<br>• Hoofwerkwoord / selfstandige werkwoord: oorganklik, onoorganklik, onpersoonlik, wederkerend<br>• Hulpwerkwoorde: tyd, wyse, vorm<br>• Koppelwerkwoorde<br>• Skeibare en onskeibare werkwoorde (deeltjiewerkwoorde)<br>• Infinitief<br>• Werkwoorde wat van ander woordsoorte afgelei is (werkwoordwisseling)<br>• Werkwoorde in vrye en vaste verbindings |
| **Deelwoorde** | • Teenwoordige (onvoltooide) deelwoorde<br>• Verlede (voltooide) deelwoorde: swak en sterk verlede deelwoorde |
| **Bywoorde** | • Tyd<br>• Wyse<br>• Plek<br>• Modaliteit<br>• Bywoorde wat van ander woordsoorte afgelei is<br>• Bywoorde in vrye en vaste verbindings<br>• Trappe van vergelyking |
| **Voorsetsels** | • Voorsetsels van plek, rigting, tyd<br>• Voorsetsels in vaste verbindings |
| **Voegwoorde** | • Neweskikkende en onderskikkende voegwoorde<br>• Voegwoordelike bywoorde |
| **Tussenwerpsels** | • Byvoorbeeld: Sjoe! Eina! |
| **Sinne en sinsdele** | • Bou van ’n enkelvoudige sin: onderwerp, gesegde, voorwerp, byvoeglike en bywoordelike bepalings<br>• Woordorde in sinne: tyd, wyse, plek, infi nitief<br>• Sinsoorte: stel-, bevel-, vraag-, uitroepsinne / eksklamasie<br>• Saamgestelde sinne: hoofsinne en bysinne (byvoeglik, bywoordelik - tyd, wyse, plek, modaliteit; onderwerp-, voorwerp- en gesegdesin)<br>• Veelvoudige sinne (hoof- en neweskikkende sinne)<br>• Direkte en indirekte rede<br>• Lydende en bedrywende vorm (aktief en passief)<br>• Ontkenning<br>• Sinswyse (aanwysend, aanvoegend, vraend, gebiedend) |
| **Verbindingswoorde (skryf van sinne en paragrawe)** | • Woorde wat **chronologiese verloop** aandui: eerste / eerstens, tweede / tweedens, voordat, nadat, wanneer, later, totdat, ter afsluiting, volgende, tans, voorheen, agterna<br>• Woorde wat ’n **verduideliking / oorsaak en gevolg** aandui: daarom, gevolglik, omdat, hieroor, aangesien, as gevolg van, toe te skryf aan, dus, dit wil sê, daaruit volg dat,<br>• Woorde wat **proses** aandui: eerste / eerstens, tweede / tweedens, derde / derdens<br>• Woorde wat **vergelyk en teenstellings (kontras)** aandui: dergelik ooreenkomstig, verskillend, nogtans, maar<br>• Woorde wat **orde van belangrikheid** aandui: altyd, ter afsluiting<br>• Woorde wat **ruimte-oriëntering** aandui: bo, onder, links, regs<br>• Woorde wat **veralgemening** aandui: oor die algemeen, deur die bank, ter afsluiting, om saam te vat<br>• Woorde wat op **eie standpunt** dui: volgens my / na my mening / opvatting / oortuiging, ek dink dat, ek oorweeg om, ek glo dat, dit lyk vir my, ek verkies / hou / hou nie van nie / hoop / voel<br>• Woorde wat op **klassifikasie** dui: is ’n voorbeeld van, ressorteer onder, behoort aan, is deel van, inpas by, word gegroepeer met, is verwant aan, |

| | |
|---|---|
| | word geassosieer met<br>• Woorde wat op **beskrywing** dui: bo, onder, naas, naby, noord / suid / oos / wes, grootte, kleur, vorm, doel, lengte, breedte, massa / gewig, spoed, lyk na / aard na<br>• Woorde wat op **evaluering** dui: goed / sleg, reg / verkeerd, moreel / immoreel, belangrik / onbeduidend, voorstel, aanbeveel, argumenteer<br>• Woorde wat op **definisie** dui: word omskryf as, word gedefinieer as<br>• Woorde wat op **samevatting** dui: om saam te vat, om op te som, opsommenderwys, kortliks, soos u kan sien |
| **Leestekens / Punktuasie** | • Komma<br>• Vraagteken<br>• Dubbelpunt<br>• Kommapunt<br>• Aandagstreep<br>• Aanhalingstekens<br>• Uitroepteken<br>• Beletselteken / ellips<br>• Asterisk |
| **Kritiese taalbewustheid** | |
| • Feit en mening<br>• Direkte en geïmpliseerde betekenis<br>• Denotasie en konnotasie<br>• Sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste en outeur<br>• Die invloed wat seleksie en weglating op betekenis het<br>• Verhoudings tussen taal en mag<br>• Gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, taalvariëteite, afl eidings, aannames, argumente, doel met die insluiting of uitsluiting van inligting | |

---

## TAALVERSKYNSELS

**Toutologie (stapelvorme)**

- ✓ Dit is die opeenstapeling van woorde met dieselfde betekenisse.
- ✓ Dit kom **in een woord** voor
- ✓ bv. graftombe (graf = tombe); brokstuk (brok = stuk); *buldoghond* (dog = hond); kabeltou (kabel = tou); brakhond (brak = hond); kweekgras (kweek = 'n soort gras); damwal (In Nederlands beteken *dam* = *wal*); mandjietjie (= dubbele verkleiningsuitgang); kinders ('n Dubbele meervoudsuitgang kom voor, want in Nederlands dui –er alreeds meervoud aan en in Afrikaans word nog 'n –s bygevoeg.)

**Analogie**

- ✓ Nuwe woorde en vorme ontstaan **na die voorbeeld van** dié wat reeds bestaan, bv.
  Na die voorbeeld van ***misvorm*** word ***misverstaan*** en ***mishandel*** geskep.
  Na die voorbeeld van ***gesing*** word verkeerdelik ***geverstaan***, ***gehersien*** en ***gebelowe*** geskep.

**Nuutskepping (Neologisme)**

- ✓ Dit is **nuwe woorde** wat geskep word om name vir nuwe uitvindsels te gee, bv.skandeerder, laserskyf, sellulêre telefoon, tabletrekenaar, flaterwater ("Tipp-ex"); gonswoord ("buzz word"); rymklets/ rymkletser ("rap"/ "rapper"); krammasjien ("stapler")

**Kontaminasie (taalbesmetting)**

- ✓ **Twee woorde** of uitdrukkings met min of meer dieselfde betekenis word gemeng om een woord te vorm.
- ✓ bv. aanbetref ( = aangaan + betref); laterhand (= later + naderhand); afeindig (afsluit + eindig); verassureer (verseker + assureer); in pleks van ( = in plaas van + in die plek van); broodnoodsaaklik (broodnodig + noodsaaklik)

**Pleonasme (woordoortolligheid)**

- ✓ Die onnodige herhaling van woorde in 'n sin waar die betekenis van die een woord alreeds in die ander woord opgesluit is.
- ✓ bv. 'n ronde sirkel; 'n dooie lyk; te voet loop; ek persoonlik self; *reverse* agtertoe

**Volksetimologie**

- ✓ Uit onkunde of grappenderwys verander mense sommige vreemde woorde sodat dit Afrikaans kan klink en lyk; so word nuwe Afrikaanse woorde gevorm
- ✓ bv. **baiesukkel** en **kosmyniks** (vir die Engelse "*bicycle*" en "*cosmetics*"); **oliekolonie** (vir die Franse "*eau de cologne*")

**Leenwoorde (Leengoed)**

- ✓ Dit is woorde wat Afrikaans aan ander tale ontleen het.
- ✓ bv. baie, blatjang (Maleis); casanova (Italiaans); ubuntu, stokvel, lapa (Afrikatale); rugby, krieket (Engels); restaurant (Frans); wok (Chinees)

**Anglisisme**

- ✓ Dit is woorde/ uitdrukkings wat na die voorbeeld van Engels gevorm is terwyl daar 'n Afrikaanse alternatief is.
- ✓ bv. *meer interessant* i.p.v. *interessanter; geniet jouself* i.p.v. *geniet dit; vang die grap* i.p.v. *snap die grap; dit proe lekker* i.p.v. *dit smaak lekker*

## Betekenisleer

| Homonieme | Homofone | Paronieme |
|---|---|---|
| ✓ Spelling en uitspraak dieselfde | ✓Uitspraak (klank) dieselfde | ✓Stam dieselfde |
| ✓ Betekenis verskil | ✓Spelling en betekenis verskil | ✓Spelling en betekenis verskil |
| bv. Die kous <u>leer</u>; Ek klimp op die <u>leer</u> | bv. Ons stig 'n <u>fonds</u> om die gesin geldelik te ondersteun; Die vleuel is 'n groot <u>vonds</u> vir die rugbyspan. | bv. Wie <u>beoordeel</u> die deelnemers? Moenie mense so maklik <u>veroordeel</u> vir hul foute nie. |

**Morfologie**

- ✓ Afleiding: stam + pre en/ of post {bv. be (pre)+ man (stam)}
- ✓ Samestelling: 2 of meer stamme (bv. handdoek; lewenskets (lewe + skets). Wees versigtig vir spelling! **ns** is 'n verbindingsklank en nie 'n morfeem nie
  - Kern = laaste deel van samestelling (bv. geskiedenis**<u>boek)</u>**
  - Bepaler = eerste deel van samestelling (bv. **<u>geskiedenis</u>**boek; **<u>naslaan</u>**boek; **<u>lees</u>**boek)
- ✓ Samestellende afleiding: 2 of meer stamme + pre en/ of post (bv. beplanningsvergadering = be+plan+ing+s+vergader+ing; s = verbindingsklank)

**Betekenis van morfeme**

- ✓ Skryf slegs die betekenis van die morfeem neer.
- ✓ Leerlys:

| | | |
|---|---|---|
| be- | = | voorsien van (beman) |
| aarts- | = | opperste/ eerste/ oudste (aartsvader) |
| aarts- | = | baie erg (aartslui) |
| ver- | = | verander van (vervel) |
| sub- | = | onder (substandaard) |
| ko- | = | saam (koëdskool = 'n skool waar seuns en dogters saam skoolgaan) |
| bi- | = | twee (bi-polêr = twee pole) |
| a- | = | nie (a-sosiaal) |
| hiper- | = | bo / bokant / oor (hiperaktief |

## KLANKVERSKYNSELS:

**Assimilasie**

- ✓ Naburige klanke beïnvloed mekaar: *aanpas* word *aampas; hoender* word *hoener; anders* word *anners*

**Klankverspringing (metatesis)**

- ✓ Die r-klank ruil plekke met die klinker in onbeklemtoonde lettergrepe
- ✓ *present* word *persent*; *granaat* word *gernaat; materiaal* word *teremiaal; turksvy* word *struksvy*

**Klankweglating**

- ✓ Klanke word voor, in die middel of agteraan 'n woord weggelaat
- ✓ *lekker* word *lekke; woordvoerder* word *woordvoeder; apoteek* word *apteek; kom* word *ko*

**Klanktoevoeging**

- ✓ Klanke word voor, in die middel of agteraan 'n woord gevoeg: *begin* word *begint;*

**Nasalering (en vokalisering)**

- ✓ Die vokaal word soos 'n neusklank en die neusklank soos 'n vokaal uitgespreek, *bv. wens*; *ons*

**Ontronding**:

- ✓ By die uitspraak is die lippe nie gerond nie: *skeer* i.p.v. *skeur*

**Oorronding**

- ✓ By die uitspraak is die lippe te veel gerond: *teuspoed* i.p.v. *teëspoed; mô* i.p.v. *ma*

**Palatalisasie**

- ✓ 'n Klank word anders uitgespreek; gelyk gemaak aan 'n ander klank:
- ✓ *geel* word *gjeel*; *kerk* word *kjerk*; *bietjie* word *biechie; kindjie* word *kinchie; kind* word *kjind; gee* word *sjee; meisietjie* word *meisiecjie*

**Vokaalreduksie (vokaalverswakking)**

- ✓ Die vokaal in 'n onbeklemtoonde lettergreep word tot 'n neutrale vokaal [ə] verswak: *patat* word *petat*; *rusie* word *resie*; *portret* word *pertret;*
- ✓ Soms word lang vokale kort uitgespreek: *laat* word *lat*

## Trappe van vergelyking

| Stellend | Vergrotend | Oortreffend |
|---|---|---|
| fluks | fluks**er** (een -s) | (die) fluks**ste** (dubbel -s) |
| bekend**e** | **meer** bekend**e** | **mees** bekend**e** |
| afgeleë | meer afgeleë | mees afgeleë |

- ✓ Onthou: In die meeste gevalle:
  - Vergrotend = woord + er en Oortreffend = woord + ste
- ✓ Woorde op **e-uitgang** kry **meer** en **mees**
- ✓ Gee **net** die antwoord; die eerste een word nagesien
- ✓ Jy moet die antwoorde korrek spel bv. woe**ss**te

- ✓ Dubbele trappe van vergelyking (**mees** interessant**ste**, **meer** bekend**er**) is **verkeerd.**
- ✓ Onreëlmatige trappe van vergelyking:

| **Stellend** | **Vergrotend** | **Oortreffend** |
|---|---|---|
| graag | liewer | (die) graagste |
| bietjie/weinig | minder | die minste |
| dikwels | meermale | die meeste |
| bekaf | meer bekaf | die bekafste |
| naby | nader | die naaste |

**Verkleining van woorde wat op –ng eindig**

- ✓ Eenlettergrepige woorde soos ring, ding, kring: kry –**etjie** (ringetjie, dingetjie, kringetjie)
- ✓ Meerlettergrepige woorde soos koning, piesang, vergadering:
  - Onthou sin: Koning trap gogga dood. (Die **K** is magtiger as die **g**)
  - Trek **g** deur; skryf **k** in plek daarvan neer.
  - Voeg –**ie** agteraan.
  - Dus: konin~~g~~; konin**k;** konin**kie**✓
    piesan~~g~~;piesan**k;** piesan**kie**
    vergaderin~~g~~; vergaderin**k;** vergaderin**kie**

**Voornaamwoord**

- ✓ 9 soorte: **B** **P** **B**ou **A**lle **O**nderdele **O**orsee **W**aar **W**erkers **V**innig (is).
- ✓ Aanwysende v.nwe. (Tesame met lidwoorde word dit ook determineerders genoem), bv.: hierdie, daardie, sulke, **dié**
- ✓ Betreklike v.nwe.: wat, waarmee, waardeur, met wie, van wie
  - o Gebruik altyd die voornaamwoord WAT as dit op mense, diere of dinge betrekking het, bv.
    Die man WAT daar loop, is siek. Die stoele WAT daar staan, is stukkend.
  - o **W**IE kan slegs saam met 'n **voorsetsel** gebruik word of in 'n vraag en dan verwys dit altyd na mense bv.
    - ▪ Die man met **WIE** ek praat, is my oom.
    - ▪ Die persoon op **WIE** hy vertrou, is nou weg.
    - ▪ **WIE** het die werk gedoen?
  - o Ander voorbeelde:
    - ▪ Die muur **W**aaroor hy spring, is hoog.
    - ▪ Die potlood **W**aarmee hy skryf, is stomp.
    - ▪ Die boek **W**aardeur hy blaai, is stukkend.

**Werkwoorde**

- ✓ 3 soorte: Selfstandige werkwoorde, koppelwerkwoorde en hulpwerkwoorde
- ✓ Selfstandige werkwoorde (hoofwerkwoorde):
  - o Kan alleen die gesegde vorm (die handeling aandui), bv. Ons **eet** appels.
- ✓ Koppelwerkwoorde:
  - o Koppel twee dele aan mekaar, bv.
    Sy **word** 'n dokter (sy + dokter) en Hy **lyk** fiks (hy. + fiks)
  - o Voorbeelde van koppelwwe: **is, was, wees, word, blyk, bly, skyn, klink, heet, voorkom, voel.** (Die woordsoort hang af van hoe die woord in 'n sin gebruik word.)
- ✓ Hulpwerkwoorde (medewerkwoorde):
  - o Tree met 'n ander werkwoorddeel op, bv.
    Ons **het** appels **geëet**./ Ek **sal** dit **doen**. / Die werk **is gedoen**.

**Bywoorde**

- ✓ Die bywoord beskryf die werkwoord (handeling) en enige woordsoort, behalwe die selfstandige naamwoord en die voornaamwoord.

✓ Let op hoe die onderstaande sinne elke keer met 'n bywoord uitgebrei word:

Die seun hardloop.

Die seun hardloop vinnig. **Hoe?** - **Manier**

Die seun hardloop vinnig huis toe/in die straat. **Waarheen/Waar**? – **Plek**

Die seun hardloop vanmiddag vinnig huis toe. **Wanneer**? – **Tyd**

Die seun hardloop dalk vanmiddag vinnig huis toe. **Moontlikheid – Modaliteit**

**Byvoeglike bepaling**

- ✓ Een woord of groep woorde sonder 'n werkwoord
- ✓ Meer inligting oor onderwerp of voorwerp (naamwoord)
- ✓ Wenk: As jy gevra word om 'n sin met 'n **byvoeglike bepaling** uit te brei
  - begin deur die woord "**met**" onmiddellik na die onderwerp of voorwerp te skryf, byvoorbeeld *Die man lees 'n boek.* → *Die man **met die groen trui** lees 'n boek.*
  - skryf 'n byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord, byvoorbeeld: *Die seun eet appels.* → *Die **stout** seun eet appels.*

**Bywoordelike bepaling**

- ✓ Een woord of groep woorde sonder 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Meer inligting oor gesegde/ werkwoordelike deel: **hoe?, wanneer?, waar?, waarom?**
- ✓ Onthou: bywoordelike bepaling moet een van bg. vrae beantwoord
  *bv. Die seun eet appels **gulsig.** (hoe)*
  *Die seun eet **elke dag** appels. (wanneer)*
  *Die seun eet appels **by die huis/buite.** (waar)*
  *Die seun eet appels **vir die lekkerte.** (waarom)*
- ✓ Die bywoordelike bepaling van modaliteit is anders as dié van manier, plek, tyd en rede omdat dit nie net na die gesegde verwys nie, maar na die hele sin. bv. Die seuns hardloop **beslis.**

**Byvoeglike bysin**

- ✓ Groep woorde met 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Dit brei die onderwerp of die voorwerp van die hoofsin uit, Die man **wat daar loop,** is my oom.
- ✓ Wenk: As jy gevra word om 'n sin met 'n byvoeglike bysin uit te brei, begin met die woord "wat", bv. Die man wat die groen trui dra, lees 'n boek.

**Bywoordelike bysin**

- ✓ 'n Groep woorde met 'n werkwoord/ werkwoordelike deel
- ✓ Dit brei die gesegde van die hoofsin uit: **wanneer?, waar?, waarom? hoe?**
- ✓ Onthou: bywoordelike bysin moet een van bg. vrae beantwoord
- ✓ *Bv. Die seun eet appels **terwyl die son skyn.** (wanneer)*
  *Die seun eet appels **waar niemand hom sien nie.** (waar)*
  *Die seun eet appels **omdat hy daarvan hou.** (waarom)*
- ✓ **Die bywoordelike bysin van modaliteit** is anders as dié van manier, plek, tyd en rede omdat dit nie net na die gesegde verwys nie, maar na die hele sin. bv. Dit sou beter gesmaak het **as ek nie so trommeldik geëet was nie.**

**Gesegdesin**

As die hoofsin se gesegde 'n koppelwerkwoord is, is die bysin 'n gesegdesin, bv. Dit lyk (koppelww.) **of hy die skelm is.**

**Onderwerpsin**

- ✓ Dit is 'n bysin wat in sy geheel as onderwerp van die hoofsin optree, bv. **Wat jy doen,** is nie altyd reg nie.
- ✓ As DIT die onderwerp van die hoofsin is en die bysin kan in die plek van DIT gelees word, is die bysin ook 'n onderwerpsin, bv. Dit is onmoontlik **dat ek met Afrikaans kan sukkel.**
  ↓
  **Onderwerpsin**

**Voorwerpsin**

✓ Die bysin tree as voorwerp van die sin op, bv. Hy dink **hy sal slaag.**

Hy = **Onderwerp**, dink = **Gesegde**, hy sal slaag = **Voorwerpsin**

✓ Wanneer 'n vraagsin met WAT van die hoofsin gevorm word en die bysin is 'n antwoord op die vraag, is die bysin 'n voorwerpsin, bv.

Sy vra = Hoofsin
Sy vra WAT? = 'n Vraagsin wat van die hoofsin gevorm is.
Sy vra hoe laat hulle kom. = Die onderstreepte sinsdeel is die **voorwerpsin**

**Lydende en Bedrywende vorm (Passief en Aktief)**

By die lydende vorm (passief) ruil die onderwerp en voorwerp posisies in die sin, bv.
**Ek** eet **'n appel**. (bedrywend) → **'n Appel** word **(deur my)** geëet. (lydend)
Let op die omskakeling van veral die gesegdes:

| | **Bedrywende vorm** | **Lydende vorm** |
|---|---|---|
| Teenwoordige tyd: | Ek **eet** 'n appel. | 'n Appel **word** (deur my) geëet. |
| Vertede tyd: | Ek **het** 'n appel geëet. | 'n Appel **is** (deur my) geëet. |
| Toekomende tyd: | Ek **sal** 'n appel **eet**. | 'n Appel **sal** (deur my) **geëet word**. |

**Onthou:** Die Lydende vorm begin met die voorwerp van die sin, bv.
'n Appel word deur Jan geëet.
Die Bedrywende vorm (aktief) begin met die onderwerp van die sin, bv.
Jan eet 'n appel.
Die **tyd** van die sin **bly dieselfde.**

**Ontkennende vorm**

- In Afrikaans gebruik ons die dubbele *negatief*, bv. Ek gaan **nie** nou slaap **nie**.
  Die woorde **geen, g'n, nooit, niks, niemand, nêrens en geeneen** kry **ook 'n nie** aan die einde van die sin, bv. **Niemand** kom by ons kuier **nie**.
- Onthou: As jy 'n vraagsin in die ontkennende vorm moet skryf, moet jou antwoord ook 'n vraagsin wees. Die sin: **Het jy al ooit so iets gesien?** word in die ontkennende vorm: **jy nog nooit so iets gesien nie?**
- Leer die volgende veranderinge:

| | | |
|---|---|---|
| al/ reeds | - | nog nie |
| al ooit | - | nog nooit nie |
| nog/steeds | - | nie meer nie |
| òf...òf | - | nòg... nòg |
| al iets | - | nog niks nie |

---

## VOORBEELDVRAE

### KOERANTBERIG

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae.

**Koninklike speurverhaal by fees vertel**

1. KAAPSTAD. – Die wetenskaplike speurverhaal van Richard III gaan deel wees van - Scifest Africa, wat eersdaags in Grahamstad aangebied word.

2. Dié nasionale wetenskapfees sal hoor hoe een van die grootste argeologiese vondste van die laaste paar jaar gemaak is.

3. In 2012 is die beendere van die Engelse koning Richard III (1452-1485) onder 'n

openbare parkeerterrein in die Britse stad Leicester ontdek.

4. Richard het in die Slag van Bosworth Field gesneuwel toe Henry Tudor hom verslaan het. Hy was die laaste Britse koning wat op die slagveld gesneuwel het.

5. DNS-toetse is gedoen en vergelyk met Michael Ibsen, 'n afstammeling van Richard se suster, Anne of York.

6. Koolstoftoetse is ook op die beendere gedoen, wat bewys het dat dit sowat 500 jaar oud is.

7. 'n Ondersoek van die geraamte het gewys die koning het sowat tien wonde gehad, waarvan agt op die skedel was. Twee daarvan, aangebring deur 'n wapen met 'n lem, was waarskynlik dodelik.

8. Prof. Sarah Hainsworth van die Universiteit van Leicester gaan verduidelik hoe die wonde aan die koning se skelet gehelp het om hom te identifiseer.

[Uit: ***Die Burger***, 25 Februarie 2014]

4.1 Skryf 'n bywoord van tyd uit paragraaf 1 neer. (1)
4.2 Skryf die hoofsin van die sin in paragraaf 2 neer. (1)
4.3 Skryf die stam van die woord *vondste* (paragraaf 2) neer. (1)
4.4 Herskryf die onderstaande sin in die bedrywende vorm:
*In 2012 is die beendere van die Engelse koning Richard III onder 'n openbare parkeerterrein in die Britse stad Leicester ontdek.* (1)
4.5 Gee 'n sinoniem vir *gesneuwel* (paragraaf 4). (1)
4.6 Gee die verkleiningsvorm van *koning* (paragraaf 5). (1)
4.7 "sowat 500 jaar oud is" (paragraaf 6) Gee een woord vir: 'n tydperk van 100 jaar. (1)
4.8 Benoem die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 8. (1)

## STROKIESPRENTE




5.1 Verduidelik waarom die woord *brekfis* 'n voorbeeld van volksetimologie is. (1)
5.2 Watter klankverskynsel kan by die uitspraak van die woord *lekker* voorkom? (1)




5.3 Op watter twee maniere word Neelsie se uitspraak in Raam 1 beklemtoon? (2)
5.4 Skryf Neelsie se woorde in Raam 1 oor in die indirekte rede. (2)
5.5 Gee die intensiewe vorm van *hard* (Raam 3). (1)